Wet op die Gebruik van Amptelike Tale in gewone Afrikaans

Die volledige Afrikaanse wet is by www.atkv.org.za (onder Taal) beskikbaar. Die oorspronklike vertaling is deur die Vereniging van Regslui vir Afrikaans (www.vra.co.za) verskaf.

Die wet het tot stand gekom omdat die Grondwet van Suid-Afrika:

- Vereis dat die gebruik van amptelike tale bevorder word en die amptelike tale gelyk en billik behandel word.
- Voorsiening maak vir 11 amptelike tale van Suid-Afrika.
- Vereis dat die Staat prakties en daadwerklik die status van inheemse tale verhoog en hul gebruik bevorder.
- Vereis dat die nasionale regering sy gebruik van amptelike tale moet reël en moniteer.

Amptelike tale:

Sesotho sa Leboa, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.

Wat jy moet weet:

- **Departement:**

Nasionale Departement van Kuns en Kultuur.

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996:

http://www.constitutionalcourt.org.za/site/theconstitution/afrikaans.htm

- **Minister:**

Minister verantwoordelik vir taalaangeleenthede.

- **Nasionale departemente**:

Al die departemente, soos die departemente van kuns en kultuur, landbou, finansies, ens. Die kantore van die premiers is uitgesluit. Die volledig lys is hier:

http://www.info.gov.za/aboutgovt/dept.htm

- **Nasionale openbare instellings**

Dit is instellings soos die Poskantoor, Telkom, DENEL, ESKOM, Transnet, die Nasionale Filmraad, die SABS, die Nasionale Parkeraad, ens. Die volledig lys is in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.

http://www1.worldbank.org/publicsector/pe/BudgetLaws/SAfricaPublicFina ncialMngtAct.pdf

- **Nasionale openbare onderneming:**

Dit is ’n nasionale regering-besigheidsonderneming soos die Rand Waterraad, Albaniekus Waterraad, Mjindi Farming (Edms.) Bpk., ens. Die volledig lys is in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999:

http://www1.worldbank.org/publicsector/pe/BudgetLaws/SAfricaPublicFina ncialMngtAct.pdf

- **Nasionale regering:**

Nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings.

- **Nasionale Taaleenheid:**

Dit is die taaleenheid wat die minister van die Nasionale Departement van Kuns en Kultuur instel en wat in dié departement gesetel is.

- **Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad:**

PanSAT se doel is om meertaligheid in Suid-Afrika te bevorder. Lees meer: http://www.pansalb.org.za/afrikaans.html

Oogmerke van die Wet:

- Reguleer en moniteer die gebruik van amptelike tale deur die nasionale regering.
- Bevorder die billike behandeling van die amptelike tale.
- Vergemaklik billike toegang tot dienste en inligting van die nasionale regering.
- Bevorder goeie taalbestuur deur die nasionale regering vir doeltreffende staatsdiensadministrasie.

Toepassing van die Wet:

Hierdie Wet is van toepassing op nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings.

Taalbeleid:

Elke nasionale departement, nasionale openbare instelling en nasionale openbare onderneming moet ’n taalbeleid binne 18 maande aanneem vanaf die invoering van hierdie Wet, maar dit mag deur die minister uitgestel word solank dit nie vir langer as ses maande is nie. (Dit beteken dat die taalbeleid op die laatste teen einde 2015 beskikbaar moet wees.)

Met die identifisering van ten minste drie amptelike tale, moet praktiese en daadwerklike maatreëls getref word om die status van inheemse tale, wat voorheen benadeel is, te verhoog en hul gebruik te bevorder.

Elke nasionale departement, nasionale openbare instelling en nasionale openbare onderneming moet verseker dat ’n afskrif van sy taalbeleid op aanvraag beskikbaar is en ’n opsomming van sy taalbeleid ten toon gestel word waar dit deur die publiek gelees kan word.

’n Taalbeleid moet:

- Ten minste drie amptelike tale identifiseer wat vir regeringsdoeleindes gebruik sal word.
- Bepaal hoe amptelike tale gebruik sal word om, onder andere, doeltreffend met die publiek te kommunikeer.
- Aandui hoe met lede van die publiek gekommunikeer word wie se taal van keuse nie een van die drie amptelike tale is nie of Suid-Afrikaanse Gebaretaal is.
- Aandui hoe lede van die publiek toegang tot die taalbeleid kan hê.

- ’n Klagtemeganisme daarstel sodat lede van die publiek klagtes kan indien aangaande die gebruik van amptelike tale deur ’n nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming.

Instelling van ’n Nasionale Taaleenheid:

Die minister moet ’n nasionale taaleenheid in die Nasionale Departement van Kuns en Kultuur instel en verseker dat die nodige mensehulpbronne, administratiewe hulpbronne en ander hulpbronne beskikbaar is vir doeltreffende funksionering daarvan.

Werksaamhede van ’n Nasionale Taaleenheid:

Die Nasionale Taaleenheid moet die minister raad gee oor beleid en strategie, verseker dat die oogmerke van die wet bereik word en toesig hou oor die werksaamhede en skakeling van taaleenhede in nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings.

Instelling van taaleenhede in nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings:

Elke nasionale departement, nasionale openbare instelling en nasionale openbare onderneming moet volgens opdrag van die minister ’n taaleenheid instel en verseker dat die nodige mensehulpbronne, administratiewe hulpbronne en ander hulpbronne beskikbaar is vir doeltreffende funksionering daarvan.

Werksaamhede van taaleenhede in nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings:

Elke taaleenheid moet:

- Raad gee oor die ontwikkeling, aanneming en implementering van die taalbeleid.
- Die gebruik van amptelike tale en voldoening aan die taalbeleid moniteer en evalueer..
- ’n Verslag saamstel en aan die minister en Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad voorlê.
- Gelykheid van aansien en billike behandeling van die amptelike tale van Suid-Afrika bevorder en billike toegang tot die dienste en inligting vergemaklik.
- Goeie taalbestuur deur die betrokke nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming bevorder.
- Enige ander werksaamhede wat die minister mag voorskryf, verrig.

Monitering van en rapportering oor gebruik van amptelike tale:

- Die minister is verantwoordelik vir monitering van die gebruik van amptelike tale deur die nasionale regering vir regeringsdoeleindes.
- Elke nasionale departement, nasionale openbare instelling en nasionale openbare onderneming moet jaarliks ’n verslag aan die minister en aan die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad voorlê oor die aktiwiteite van sy taaleenheid, die implementering van sy taalbeleid, enige klagtes wat ontvang is aangaande sy gebruik van amptelike tale en die wyse waarop hierdie klagtes hanteer is.

- Die minister kan te enige tyd van enige nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming vereis om, binne die tydperk deur die minister vasgestel, ’n verslag aan die minister voor te lê oor sy gebruik van amptelike tale.
- Die minister kan ’n nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming wat nie die Wet nakom nie, versoek om, binne die tydperk deur die minister vasgestel, te voldoen aan die Wet.

Jaarverslag aan Nasionale Vergadering:

Die minister moet jaarliks ’n verslag in die Nasionale Vergadering ter tafel lê oor die status en gebruik van amptelike tale deur die nasionale regering vir regeringsdoeleindes en oor enige vrystelling van ’n nasionale openbare instelling en ’n nasionale openbare onderneming.

Interregeringsforums oor gebruik van amptelike tale:

Die minister kan een of meer interregeringsforums instel om samewerking te bevorder tussen nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings oor die gebruik van amptelike tale vir regeringsdoeleindes; om die implementering van taalbeleide te koördineer en te moniteer; en om enige ander werksaamheid wat die minister mag voorskryf, te verrig. Die minister kan ook die forums se samestelling en verwysingsraamwerk bepaal.

Vrystelling van die instelling van taaleenhede in nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings:

Die minister kan ’n nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming geheel of gedeeltelik vrystel van die instelling van taaleenhede. Indien die minister ’n nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming vrystel van die instelling van ’n taaleenheid moet die nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming ’n senior werknemer aanwys om die werksaamhede van ’n taaleenheid te verrig.

Regulasies:

Die minister kan, na oorleg met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, regulasies uitvaardig oor die vorm en inhoud van ’n taalbeleid, die tydsduur vir die instelling van ’n taaleenheid, die vorm en inhoud van ’n verslag soos bespreek, die wyse, vorm en tydsduur vir voorlegging van ’n aansoek vir vrystelling van die instelling van ’n taaleenheid en enige ander belangrike aangeleentheid. Die voorgestelde regulasies moet in die Staatskoerant vir openbare kommentaar gepubliseer word.

Kort titel en inwerkingtreding:

Hierdie Wet word die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012, genoem en tree in werking op ’n datum deur die President in die Staatskoerant vasgestel.